Oordenking
4 April 2010

Paasfees

Vrydag sou mens nie sê dat Hy die Seun van God is nie. Wat met die blote oog sigbaar was, was ’n pynlik gemartelde gelaat van wie jy jou gesig wil wegdraai.

Paassondag is anders. Dan sien ons die hemelse transformasie van die Messias. Die geskende liggaam is opgewek en verheerlik en het nou ewige, hemelse eienskappe.

Nie net Jesus word verander deur sy opwekking uit die dood nie. Ook sy volgelinge word transformeer. Hulle hartseer verander in Paasvreugde. Hopeloosheid verander in opgewonde verwagting. Ongeloof verander in geloof en vertroue.

Jesus leef! Sy werk met ons en onder ons is nog nie afgehandel nie.
Maria Magdalena huil in die tuin, maar nadat sy Jesus ontmoet verander dit in toewyding en aanbidding.
Die lewende Jesus wil ons vreugde herstel.

Jesus leef! Sy werk met ons en onder ons is nog nie afgehandel nie.
Hy stuur sy volgelinge om die Goeie Nuus dat Hy leef met ander te deel (Jn 20:21). Jesus vervul hulle met die Heilige Gees (Jn 20:22) en gee hulle die gesag om die vergifnis van sonde te verkondig (Jn 20:23).

Jesus leef! Sy werk met ons en onder ons is nog nie afgehandel nie.
Tomas, die twyfelaar word tot opregte geloofsbelydenis gelei. Tomas ontvang geloofsekerheid.
Petrus vind vergifnis vir sy verloëning en word aangestel as ’n herder in Jesus se kerk.

Maar ook vir ons wat nie die merke in sy hande en sy kon sien nie, skenk Jesus vergifnis, vreugde en ’n opdrag. Sy troos aan ons is dat hulle wat glo, al het hulle nie gesien nie, selfs meer gelukkig en geseënd is. (Jn 20:29).

Jesus leef! Sy werk met ons en onder ons is nog nie afgehandel nie.
Hy skenk in ons lewe die vrug van die Heilige Gees – liefde, blydskap, vrede, geduld, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. Gal 5:22).

Jesus wil hê dat die hele wêreld sal weet van sy opstanding en dat Hy alles wat bestaan eis vir sy Koninkryk, ook my hele lewe en al my talente en gawes.

Jesus leef! Sy werk met ons en onder ons is nog nie afgehandel nie.
Daar is nog so baie wat Hy in ons en deur ons wil doen. Eendag kom hy op die wolke en elke oog sal Hom sien. Hy kom om ook my liggaam uit die dood op te wek. Hy kom om ’n nuwe hemel en aarde tot stand te bring.

Jesus leef. Hy seën my met opstandingskrag.
Daar is nog baie wat Hy in my lewe en deur my lewe wil doen.